No 28 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

TUESDAY, 5 DECEMBER 2023

1. The House met at 10:00.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [10:01] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [10:04] The Speaker welcomed the Ethiopian delegation in the gallery who was attending the sitting of the House.

5. [10:05] FIRST ORDER

   Consideration of the principle of Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 7–2023] (Minister of Finance and Economic Opportunities).

   Debate concluded.

   Question put: That the principle of the Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 7–2023] be approved.

   Question agreed to (ANC, EFF and GOOD dissenting).

   The principle of the Bill approved.

6. [12:21] SECOND ORDER

   Consideration of the report of the Standing Committee on Health and Wellness on the National Health Insurance Bill [B 11B–2021] (NCOP), dated 27 November 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 139, dated 29 November 2023, p 492). (Ratification of final mandate.)

   Declarations of vote made on behalf of the ANC, EFF, GOOD, ACDP, FF Plus, Al Jama-ah and DA.

   Question put: That the report of the Standing Committee on Health and Wellness on the National Health Insurance Bill [B 11B–2021] (NCOP) be adopted.

   Question agreed to. (ANC and Al Jama-ah dissenting).

The report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP not to support the Bill was ratified.

7. [12:32] THIRD ORDER

Consideration of the report of the Standing Committee on Mobility on the National Land Transport Amendment Bill [B 7F–2016] (NCOP), dated 27 November 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 139, dated 29 November 2023, p 493). (Ratification of voting mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, EFF, GOOD, Al Jama-ah and DA.

Question put: That the report of the Standing Committee on Mobility on the National Land Transport Amendment Bill [B 7F–2016] (NCOP) be adopted.

Question agreed to (ANC and Al Jama-ah dissenting).

The report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to not support the Bill was ratified.

8. [12:40] FOURTH ORDER

Consideration of the report of the Standing Committee on Mobility on the National Road Traffic Amendment Bill [B 7D–2020] (NCOP), dated 27 November 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 139, dated 29 November 2023, p 493) (Ratification of voting mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, EFF, Al Jama-ah and DA.

Question put: That the report of the Standing Committee on Mobility on the National Road Traffic Amendment Bill [B 7D–2020] (NCOP) be adopted.

Question agreed to.

The report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

9. [12:48] FIFTH ORDER

Consideration of the report of the Budget Committee on the Division of Revenue Amendment Bill [B 33–2023] (NCOP), dated 28 November 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 139, dated 29 November 2023, p 493). (Ratification of final mandate.)

Declarations of vote made on behalf of the ANC, EFF, ACDP, FF Plus, Al Jama-ah and DA.

Question put: That the report of the Budget Committee on the Division of Revenue Amendment Bill [B 33–2023] (NCOP) be adopted.

Question agreed to (ANC and Al Jama-ah dissenting).

The report accordingly adopted.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP not to support the Bill was ratified.

10. The House adjourned at 12:56.

Ms M GOLDSTONE
Acting Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DINSDAG, 5 DESEMBER 2023

1. Die Huis kom om 10:00 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [10:01] Die Speaker doen 'n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [10:04] Die Speaker verwelkom die Etiopiese afvaardiging op die galery wat die sitting van die Huis bywoon.

5. [10:05] EERSTE ORDER

   Oorweging van die beginsel van die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 7–2023] (Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede).

   Debat afgesluit.

   Vraag gestel: Dat die beginsel van die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 7–2023] goedgekeur word.

   Vraag goedgekeur (met teenstem van die ANC, EFF en GOOD).

   Die beginsel van die Wetsontwerp is goedgekeur.

6. [12:21] TWEEDE ORDER

   Oorweging van die verslag van die Staande Komitee oor Gesondheid en Welstand oor die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering ("National Health Insurance Bill") [W 11B–2019] (NRVP), gedateer 27 November 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 139, gedateer 29 November 2023, bl 492). (Bekragtiging van finale mandaat.)

   Stemverklarings namens die ANC, EFF, GOOD, ACDP, VF Plus, Al Jama-ah en DA.

   Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Gesondheid en Welstand oor die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering ("National Health Insurance Bill") [W 11B–2019] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur. (met teenstem van die ANC en Al Jama-ah).

Die verslag is dus aangeneem.

Die mandaat wat aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP die bevoegdheid verleen om nie die Wetsontwerp te steun nie, is bekragtig.

7. [12:32] DERDE ORDER

Oorweging van die verslag van die Staande Komitee oor Mobiliteit oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Landvervoer ("National Land Transport Amendment Bill") [W 7F–2016] (NRVP), gedateer 27 November 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 139, gedateer 29 November 2023, bl 493). (Bekragtiging van stemmandaat.)

Stemverklarings namens die ANC, EFF, GOOD, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Mobiliteit oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Landvervoer ("National Land Transport Amendment Bill") [W 7F–2016] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur (met teenstem van die ANC en Al Jama-ah).

Die verslag is dus aangeneem.

Die mandaat wat aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP die bevoegdheid verleen om nie die Wetsontwerp te steun nie, is bekragtig.

8. [12:40] VIERDE ORDER

Oorweging van die verslag van die Staande Komitee oor Mobiliteit oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Padverkeer ("National Road Traffic Amendment Bill") [W 7D–2020] (NRVP), gedateer 27 November 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 139, gedateer 29 November 2023, bl 493). (Bekragtiging van stemmandaat.)

Stemverklarings namens die ANC, EFF, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Mobiliteit oor die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Padverkeer ("National Road Traffic Amendment Bill") [W 7D–2020] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

Die mandaat wat aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP die bevoegdheid verleen om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

9. [12:48] VYFDE ORDER

Oorweging van die verslag van die Begrotingskomitee oor die Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste ("Division of Revenue Amendment Bill") [W 33–2023] (NRVP), gedateer 28 November 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 139, gedateer 29 November 2023, bl 493). (Bekragtiging van finale mandaat.)

Stemverklarings namens die ANC, EFF, ACDP, VF Plus, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Begrotingskomitee oor die Wysigingswetsontwerp op die Verdeling van Inkomste ("Division of Revenue Amendment Bill") [W 33–2023] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur (met teenstem van die ANC en Al Jama-ah).

Die verslag is dus aangeneem.

Die mandaat wat aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging in die NRVP die bevoegdheid verleen om nie die Wetsontwerp te steun nie, is bekragtig.

10. Die Huis verdaag om 12:56.

Margo Goldstone

Digitally signed by Margo Goldstone
Date: 2023.12.13 10:32:43 +02'00'

Me M GOLDSTONE
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale Parlement